Stella straat

Psalm 114

"God is ons elkeen se Voorsienigheid"

Tuis-Adoramus 13 September 2020

– geskryf deur Anton Pienaar

Tema: "God is ons elkeen se Voorsienigheid"

Teks: Psalm 114

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuisadoramus alleen of saam met ander te doen. Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,
Willem, Anton, Tienie en Fay

Psalm 114 is in latere ou Joodse tradisie as 'n pasgalied gebruik. Waarskynlik het die ou Israeliete die lied gesing op die agste dag van die Pasgafees. In dié lied word God geprys vir die verlossing wat Hy vir Israel gebring het. Meer nog, God het die volk Israel en hulle geloof tot stand gebring – God het Israel se leefwyse tot stand gebring. Hulle sing daaroor.

Die lied is pragtige poësie. Dit is gesing tydens kultiese (kerk) byeenkomste. Die sing van die lied was deel van 'n ritueel, 'n tradisie wat Israel se geloofs-erfenis weerklank het. Terwyl jy die Psalm 'n keer of wat lees, luister gerus na tipiese Joodse mistieke musiek – hoewel dit 'n weergawe van Psalm 104 is, kry 'n mens die gevoel van watter rol musiek in die ou gemeenskappe gespeel het.

https://www.youtube.com/watch?v=--UABwqW9Sg

Wat bring die lied se woorde in jou gemoed na vore? Waaraan dink jy terwyl jy bewus word van die ou Israeliete se verdieping oor hulle erfenis? Kan 'n mens die lied ook gebruik om na jou eie erfenis in te waardeer?

Kom ons lees die vyfde vers uit die Afrikaans-Joodse digter Olga Kirsch se *Vyf sonnette aan my vader*

Toe ek nog klein was het ek aan jou sy
gestaan in die sinagoge en gevolg
terwyl jou vinger langs die letter gly
van woorde wat ek nog nie kon vertolk.
Die kantor hef sy stem op, yl en soet
wierook die lied omhoog. Rooi, geel en blou
slaan vlamme uit 'n ruit hom tegemoet –
sou die Voorsienigheid Sy guns weerhou
wanneer daar so gesmeek word? En jy vou
jou syige gebedsjaal weg en hou
jou arm om my en ek staan gedruk
vas teen jou knie en bewe van geluk.
Swaar stemme styg in stadige akkoorde –
oomblikke veertig jare sonder woorde.

Wanneer ons nou stil word vir 8-10 minute kan jy gerus in jou gedagtes plek maak vir die taal van die Psalm 114. God is ons elkeen se Voorsienigheid. Jy kan jouself oopmaak om opnuut te ontdek hoe daar in jou lewe voorsien word.

Voces8 is 'n *a cappella* kamerkoor van agt jongmense in die Verenigde Koninkryk wat wonderlike musiek maak. Hulle het 'n weergawe van Frank Ticheli se lied *Earth Song* gemaak wat die hart aanraak. Ons kan die woorde volg terwyl ons na die lied luister.

https://www.youtube.com/watch?v=-qZ4u_2ZAlc

Sing, be, live, see

This dark stormy hour

The wind, it stirs

The scorched Earth cries out in vain

Oh war and power, you blind and blur

The torn heart cries out in pain

But music and singing have been my refuge

And music and singing shall be my light

A light of song, shining strong

Hallelujah, hallelujah

Through darkness and pain and strife

I'll sing, I'll be, live, see

Peace